Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**SENIOR FASE**

**GRAAD 9**

**NOVEMBER 2019**

ÉcoleBooks

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

**PUNTE:** 30

**TYD:** 1½ uur

*9AFAL3*

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

   AFDELING A: OPSTEL (20 punte)
   AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS (10 punte)

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

4. Skryfstukke moet beplan, geredigeer en geproeflees word. Maak gebruik van ŉ vloeidiagram / kopkaart / sleutelwoorde. Die beplanning moet voor die finale produk gedoen word.

5. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek ŉ streep deur die beplanning nadat die finale produk geskryf is.

6. Nommer elke geskrewe teks volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik is.

7. **Voorsien elke skryfstuk van ŉ gepaste titel of opskrif**. Lees die instruksies by elke vraag oor die titel noukeurig deur.

8. Tel die woorde aan die einde van die skryfstuk en skryf dit tussen hakies onderaan die skryfstuk neer.

   **LET WEL**: Die titel word nie in aanmerking geneem wanneer die woorde aan die einde van die skryfstuk getel word nie.

10. Dit sal tot jou voordeel strek indien jou werk leesbaar en netjies is.

11. Skryf in die taal wat geassesseer word.

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

### INSTRUKSIES

- Kies EEN vraag en skryf 210–250 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy gekies het, boaan die skryfstuk neer.

1.1 My skool is die beste.

Skryf 'n opstel waarin jy ons van jou skool vertel. **[20]**

1.2 Die skoolvakansie het aangebreek! Dis tyd vir rus en ontspan.

Skryf 'n opstel oor jou vakansie. **[20]**

1.3 'n Vriend is iemand wat jy met jou lewe en hart vertrou.

Vertel van só 'n spesiale vriend. **[20]**

1.4 My ouma is my rolmodel.

Skryf 'n opstel waarin jy beskryf waarom jou ouma jou rolmodel is. **[20]**

1.5 Kies EEN van die visuele tekste en skryf 'n **opstel** daaroor.
Gee jou skryfstuk 'n gepaste titel. Jou opstel moet by die kern van die prent pas.

1.5.1

Selfoon in die klas!
Ja of Nee?



[Uit http://www.google.com] **[20]**

1.5.2



[Uit http://www.google.com] **[20]**

1.5.3




[Uit http://www.google.com] **[20]**

**TOTAAL AFDELING A: 20**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

### INSTRUKSIES

- Kies EEN vraag en skryf 140–160 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy gekies het, boaan die skryfstuk neer.

### 2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Dit was jou beste vriend/vriendin se verjaarsdagpartytjie en jy kon dit nie bywoon nie.

Skryf ʼn brief en maak verskoning waarom jy nie by sy/haar partytjie kon wees nie. **[10]**

### 2.2 ADVERTENSIE

Jy wil geld bymekaar maak om vir die ouetehuis in julle woonbuurt ʼn televisie te koop. Die televisie in die ouetehuis is gebreek en daar is geen fondse om ʼn nuwe een te koop nie. Jy het besluit om takies (small jobs) vir die mense in jou omgewing teen ʼn fooi te doen.

Ontwerp ʼn advertensie om jou dienste te adverteer. **[10]**

EcoleBooks

### 2.3 DAGBOEKINSKRYWING

Dis die aand voor jou Afrikaans eksamen.
Jy is opgewonde maar ook bang.

Skryf in jou dagboek oor hoe jy voel oor dié dag. **[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 10**
**GROOTTOTAAL: 30**

Kopiereg voorbehou

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM